Nutsman

"Mense weier selde hulp as dit op die regte manier aangebied word."
-A.C. Benson

Doelwit: *Om die Verkenner te leer om noodsaaklike huishoudelike herstelwerk en onderhoud te doen.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Deur die aanbieding van die spesialisasie word daar gefokus op die ontwikkeling van die Verkenner se begrip en uitleef van Burgerskap. Die Verkenner sal die geleentheid kry om ander persone tot hulp te wees deur die vaardighede wat deur die spesialisasie aangeleer word.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	2 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die Verkenner moet minstens **drie** aktiwiteite uit elke afdeling bevredigend kan doen (d.w.s **12** take in totaal). • Die Verkenner moet skriftelike bewys lewer dat die aktiwiteite bevredigend afgehandel is.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Elektriese herstelwerk:*
   - *1.1 'n Driepuntmuurprop korrek aan 'n elektriese koord koppel en die internasionale kleurkode vir 'n driekernkoord ken.*
   - *1.2 Die skakelaar van 'n staanlamp vervang.*
   - *1.3 'n Gloeilamp of buislig vervang.*
   - *1.4 'n Verlengstuk kan bedraad met die nodige driekernkoord en driepuntpropstuk.*
   - *1.5 'n Verslete koord van 'n elektriese apparaat vervang (bv. broodrooster, verwarmer, ensovoorts).*

2. *Motorherstelwerk:*
   - *2.1 'n Pap motorband verwyder en met die noodwiel vervang.*
   - *2.2 Die battery van 'n motor vervang en koppel en die motor deur middel van 'n springkabel aan die gang sit.*
   - *2.3 Olie van 'n motor vervang.*
   - *2.4 Ruitveërs van 'n motor vervang.*
   - *2.5 Die gloeilampie van 'n motorlig vervang.*
   - *2.6 Weet waar die smeltdrade sit en die nodige vervanging kan doen.*

3. *Huishoudelike herstel- en onderhoudswerk:*
   - *3.1 Die wasser in 'n kraan of vlotterklep van 'n toilet vervang.*
   - *3.2 Die termostaat van die warmwaterstelsel verstel.*
   - *3.3 Geute skoonmaak na 'n winterseisoen.*
   - *3.4 'n Swembad vir 'n maand lank volledig onderhou.*
   - *3.5 Die sny van die grasperk vir een maand onderneem.*
   - *3.6 Die elmboog van 'n wasbak skoonmaak.*
   - *3.7 Die filters, sout- en spoelmiddeltoevoegings van wasmasjiene, tuimeldroërs en skottelgoedwassers vir 'n maand lank onderneem.*

4. *Meer gespesialiseerde herstelwerk:*
   - *4.1 'n Stukkende ruit vervang.*
   - *4.2 'n Meubelstuk herstel.*
   - *4.3 Eenvoudige sweis- of soldeerwerk doen.*
   - *4.4 'n Voorwerp aan 'n muur vasheg met behulp van 'n boor en 'n muuranker.*
   - *4.5 'n Deur afhaal, skaaf en weer terugsit.*
   - *4.6 'n Stukkende ratkas of ketting van 'n trapfiets herstel.*

5. *Tydens die aflegging van die spesialisasie moet die Verkenner 'n logboek invul wat die volgende bevat:*
   - *5.1 Die aard van die aktiwiteit.*
   - *5.2 Die tydsduur van die aktiwiteit.*
   - *5.3 Die onderdele aangekoop.*
   - *5.4 Die leweransier van die onderdele en die koste daarvan.*

Wenke

- *By 1.5: Die dikte van die koord moet in ooreenstemming wees met die spesifikasies van die spesifieke elektriese apparaat.*